DEEL 118 | WEEK 34 | 21 AUGUSTUS 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD IT'S ONLY A RUMOUR



# "Hop, hop, spinnekop – die bal het in die gat gehop!"

As daar een manier is om die eerste dorpsnetbaldag by Hoërskool Heilbron te beskryf, is dit beslis met dié woorde.

Die bal het gehop, die spelers het gehardloop, die ondersteuners het geskree en hier en daar het die senuwees waarskynlik ook 'n bietjie op hol gejaag – maar bo alles het Heilbron gewys wat moontlik is wanneer 'n gemeenskap saamspan.

Die dag is met skriflesing en gebed begin, maar dit was nie lank voordat die eerste fluitjie die rustige oggend in 'n warrelwind van netbal verander het nie. Kort voor lank was die bane vol beweging, die nette het gewikkel en die ondersteuners het hul stemme dik gemaak.

Altesaam het 11 spanne hul kragte gemeet, met netbalspelers wat van Heilbron, Frankfort, Kroonstad en selfs Bethlehem opgedaag het. Twee Frankfort-spanne het die pad Heilbron toe aangepak, Kroonstad het sy opwagting gemaak en 'n groep van Bethlehem wat in Potchefstroom studeer het hul studies vir die dag verruil vir netbalskoene en 'n bietjie gesonde kompetisie. Die plaaslike Heilbron-spanne het natuurlik gesorg dat die tuisbane behoorlik verteenwoordig word.

Met soveel spanne, talent en entoesiasme op een plek was dit van die begin af duidelik: hierdie was nie sommer net nog 'n netbaltoernooi nie. Die spanne het gekom om te speel – en om die dag te geniet.

Die idee vir die geleentheid het by juffrou Chantal Kruger, die nuut aangestelde onderwyser asook die eerstespan se netbalafrigter van Hoërskool Heilbron, ontstaan. Haar doel was eenvoudig, maar betekenisvol: om geld vir die skool se netbalfonds in te samel en terselfdertyd iets terug te gee aan die gemeenskap wat die skool ondersteun.

Met die hulp van Gerrie Roos (Beheerliggaam-lid van Sport) asook Hendié Lötter en Danie Myburgh (Beheerliggaam-lid van Terreine) en met ondersteuning van die Hoogte Boerevereniging, het die plan 'n werklikheid geword.

En Heilbron het gewys dat hy weet hoe om saam te speel.

Stalletjies het vir 'n lekker kuier- en feesatmosfeer gesorg, terwyl die aksie op die bane vir genoeg spanning en vermaak gesorg het.

Daar was behoorlike kompetisie, maar goeie sportmangees en hope pret het die dag oorheers.

Toe die laaste balle uiteindelik deur die nette is, was dit Colligans van Kroonstad wat met die wisseltrofee huis toe is. Netbal Ninja's van Frankfort het die tweede plek behaal, terwyl Tits and Bits, 'n span bestaande uit studente, derde geëindig het.

Tits and Bits het egter nie net op die telbord 'n indruk gemaak nie. Die span het deur die loop van die dag ander deelnemers luidkeels ondersteun en aangemoedig – amper asof elke span wat op die baan verskyn het, húlle span was. Dit was dié soort gees wat die dag besonders gemaak het.

Die prysuitdeling het die sportdag feestelik afgesluit, met plaaslike besighede wat ook 'n belangrike rol gespeel het. Vleissentraal, die hoofborg, het 'n kontantprys moontlik gemaak. JCB het 'n R500-bewys vir 'n vleis geskenkbewyse by HBA geborg, terwyl Fox Vervoer koelhouers as pryse geskenk het.

Maar die fees het nie saam met die laaste netbalwedstryd geëindig nie.

Teen die aand het die fokus van die netbalbane na die dansvloer verskuif, met 'n sokkie wat die dag in ware plattelandse styl afgesluit het. Die mense het behoorlik geskoffel, gelag en saam gekuier, terwyl die mans om die vuur kon braai en onder die sterre lekker gesels.

Die bykosse vir die braai is deur nog een van die skool se onderwysers, Salomie Viljoen, verskaf en het die kuier nog verder afgerond.

Vir Kruger was die dag egter nooit net 'n fondsinsamelingsprojek nie. Dit was 'n geleentheid om die bande tussen die skool en die gemeenskap verder te versterk – en daarin het die dag beslis geslaag.

Van die eerste gebed tot die laaste sokkiedans was daar 'n gevoel van samehorigheid. Mense het gekuier, gelag, aangemoedig, geëet en saam feesgevier. Die netbalbal was dalk die middelpunt van die dag, maar dit was die mense van Heilbron wat die dag laat werk het.

Kruger het die Heilbron-gemeenskap bedank vir hul volgehoue ondersteuning aan die skool en veral vir hul ondersteuning van die projek.

"Sonder die gemeenskap sou die dag nie die sukses gewees het wat dit was nie," is die boodskap wat die dag treffend opgesom het.

Die eerste dorpsnetbaldag het dus nie net 'n wenner op die baan opgelewer nie. Die grootste wenner was dalk die gemeenskap self – want wanneer 'n dorp, sy mense en sy skool saamspan, kan selfs 'n eenvoudige netbalbaldag 'n hele gemeenskap laat hop, skoffel en saamkuier.

(Foto's op bladsy 6)






# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum



## *Wêreld Humanitêre Dag - Omgee begin by elkeen van ons*

*• Elmarie Els-Hammann*

Elke jaar op 19 Augustus vier die wêreld Wêreld Humanitêre Dag – 'n dag waarop ons hulde bring aan die miljoene mense wat hul tyd, kennis en dikwels hul eie veiligheid opoffer om ander in nood by te staan. Van humanitêre werkers in oorlogsgeteisterde gebiede tot die vrywilliger wat kos uitdeel in sy eie dorp, herinner hierdie dag ons aan die krag van medemenslikheid en die verskil wat een persoon kan maak.

Wanneer ons die woord humanitêr hoor, dink ons dikwels aan internasionale noodleniging ná aardbewings, oorstromings of gewapende konflikte. Tog gebeur humanitêre werk ook elke dag, stil en sonder erkenning, in ons eie gemeenskappe. Dit leef in die ma wat haar buurvrou se kinders oppas wanneer daar 'n krisis is; die boer wat 'n vrag groente skenk aan behoeftige gesinne; die onderwyser wat ekstra tyd afstaan vir 'n leerder wat sukkel; die buurman wat 'n eensame bejaarde gereeld besoek; en die vrywilliger wat sy tyd gee sonder om iets terug te verwag.

In Suid-Afrika sien ons daagliks hoe mense met armoede, werkloosheid, geweld, verslawing, trauma en gesinskrisisse worstel. Agter elke statistiek is daar 'n mens met 'n naam, 'n storie en 'n behoefte om raakgesien te word. Daarom speel maatskaplike werkers, gesondheidswerkers, onderwysers, nooddienspersoneel, geloofsgemeenskappe, nie-winsgewende organisasies en talle vrywilligers 'n onmisbare rol. Hulle bied nie net praktiese hulp nie, maar gee ook iets wat dikwels nog waardevoller is – hoop.

Ware humanitêre werk gaan verder as die voorsiening van kos, klere of skuiling. Dit gaan daaroor om iemand se waardigheid te herstel, na hul verhaal te luister, langs hulle te stap wanneer die pad swaar raak en hulle te help glo dat môre beter kan wees. Soms is die grootste geskenk wat ons vir iemand kan gee, nie geld of besittings nie, maar ons tyd, ons aandag en ons bereidwilligheid om werklik om te gee.

As gemeenskappe het ons almal die vermoë om 'n verskil te maak. Ons hoef nie ryk, invloedryk of in 'n spesifieke beroep te wees om iemand se lewe aan te raak nie. 'n Vriendelike woord, 'n warm ete, 'n skenking, 'n besoek aan iemand wat alleen is, of bloot die bereidheid om te luister, kan vir iemand die begin van nuwe hoop wees. Klein dade van goedheid het dikwels 'n groter impak as wat ons ooit besef.

By kinder- en jeugsorgsentrums, ouetehuise, gemeenskapsprojekte en organisasies wat kwesbare mense ondersteun, sien ons elke dag hoe omgee lewens verander. Kinders ontdek weer hul eie waarde, gesinne vind ondersteuning in moeilike tye en mense wat moed verloor het, begin weer glo dat hulle nie alleen is nie. Hierdie verandering gebeur nie deur groot gebare alleen nie, maar deur mense wat bereid is om dag ná dag met deernis op te tree.

Op Wêreld Humanitêre Dag word ons uitgedaag om onsself af te vra: Hoe kan ek vandag 'n verskil maak? Die antwoord hoef nie groot of ingewikkeld te wees nie. Dit begin dikwels met 'n oop hart en die besluit om nie verby iemand se nood te loop nie.

Laat ons onthou dat 'n gemeenskap nie gemeet word aan sy geboue of sy ekonomie nie, maar aan hoe dit sy mees kwesbare mense behandel. Wanneer ons mekaar ondersteun, bou ons nie net sterker individue nie – ons bou 'n sterker, veiliger en meer hoopvolle gemeenskap vir almal.

Soos die bekende gesegde lui: "Geen daad van vriendelikheid, hoe klein ook al, is ooit verniet nie." Mag Wêreld Humanitêre Dag ons inspireer om elke dag met deernis te leef, want omgee begin nie by groot organisasies nie – dit begin by elkeen van ons.




Reza de Wet is in 1952 gebore en sy sou een van Suid-Afrika se mees gevierde Afrikaanse dramaturge word. Sy is in Senekal gebore. In 1993 publiseer sy "Mis" as deel van haar Vrystaat Trilogie. Die ander twee dramas is "Mirakel" en "Drif". Hierdie dramas is in 1994 vir die eerste keer opgevoer. Mis het 'n Fleur du Cap-toekenning daarvoor gekry as die beste inheemse drama.

"Mis" speel af op 'n afgeleë plaas tydens die Groot Depressie in die dertigerjare. Daar is min geld, en ma en dogter probeer om lyf en siel aanmekaar te hou deur beesmis te verpak en verkoop. Die pa het as 'n kluisenaar op die solder gewoon. Nodeloos om te sê: hulle het dit nie breed gehad nie.

Ma Miem het haar dogter, Meisie, beskerm en beheer. Miem is bang vir die wêreld daar buite. Op 'n dag besoek die sirkus hulle dorp, en almal is baie opgewonde. Meisie wil graag soontoe gaan. Miem verbied haar. Sy mag nêrens heen nie. Sy mag nie eers na die sirkusliggies kyk nie.

Miem het rede om haar dogter so te beskerm. Op 'n nabygeleë dorp is daar 'n paar meisies wat spoorloos verdwyn het. Die dorp is in afwagting, want hulle vermoed dat daar binnekort weer 'n dogter gaan verdwyn.

Die sirkus speel vreemde musiek. Op hierdie oomblik kom daar 'n geheimsinnige blinde konstabel by hulle huis aan. Miems is dadelik op haar hoede.

So word Meisie uiteindelik uit haar beklemmende bestaan weggeneem.

Dis tot hier waar my kennis oor "Mis" strek. Ek het teruggedink aan hierdie drama toe ek vanoggend die volgende op 'n Afrikaanse radiostasie hoor: "Moenie uitmis nie." Dit was 'n advertensie. Ek wil my verstout om te sê dat dit was 'n advertensie om iets te wen. Seker versekering of so iets.

Daar is nie so 'n erkende uitdrukking nie. Jy mis iets, maar jy kan nie uitmis nie. Uitmis is iets heeltemal anders.

Hierdie het my ook aan twee ander situasies laat dink waar die term "mis" gebruik word.

'n Tannie van Welkom sien dat haar buurman se tuin pragtig lyk.

"Hoe kry jy dit so mooi groen, buurman?"

Die buurman verduidelik in geen onduidelike taal dat hy rioolslik en rioolafval in sy tuin ingewerk het. Hy kry vragte vol by die munisipaliteit. Sy moet net gaan vra.

Die tannie sit dadelik poeier, lipstiffie en eau de cologne aan, plaas haar beste kerkhoed sekuur op haar styfgespuite hare en gaan na die munisipale kantore toe.

"Meneer, kan jy my help?"

"Seker, mevrou," sê die munisipale amptenaar. "Waarmee?"

"Sê my meneer, waar kan ek mensmis kry?" Al wat sy kon onthou was die kleurryke taal wat die buurman gebruik het om sy bemesting te beskryf. Omdat sy 'n opgevoede vrou was, het sy nie durf waag om dieselfde term in die publiek, wat nog te sê by die munisipaliteit se kantoor, te gebruik nie. Sy sê dit so sag as moontlik, want dit is nie baie beskaaf om van mensmis in 'n geleerde geselskap te praat nie.

Die munisipale amptenaar het dadelik kloutjie by die oortjie gebring. Hy sê toe, effens harder: "Jammer, mevrou, ek het nie mooi gehoor nie. Waarna is u op soek?"

Die tannie sê effens harder: "Mensmis." Die amptenaar maak steeds of hy haar nie kan hoor nie, en laat haar dit weer herhaal. Hierdie keer kliphard sodat die hele kantoor kan hoor.

"Mensmis, meneer!" Sy skree dat die mure antwoord gee. Die hele kantoor word tot stilstand geruk, en almal kyk op. Maar hulle moes hulle lag sluk. Die tannie met die hoed moet darem nie haar waardigheid verloor nie.

"Mevrou, hier noem ons dit onder andere rioolslik."

Blykbaar was die kantoor siek van die lag.

In dieselfde dorp het die veearts se vrou pas 'n baba gehad. Haar eerste. Daar was niemand wat haar aanvanklik touwys gemaak het oor hoe om die baba se winde uit te vryf nie. Sy het nie geweet hoe om na die naelstring te kyk nie. Nog minder hoe om in al die gleufies en klofies skoon te maak. Daar was nie 'n ma of 'n skoonma naby nie. Omdat hulle onlangs Welkom toe verhuis het, het die mamma ook nie vriendinne in die dorp gehad nie.

Die baba drink fluks en slaap goed.

Daar was egter een ding wat vir die mamma problematies was. Mamma bespreek dit toe met veearts-pappa. Hulle besluit saam dat sy 'n draai by die pediater moet gaan maak.

So gemaak. Sy verduidelik aan die pediater dat sy bekommerd is oor die baba. Hy eet goed, hy slaap goed, maar sal dit dokter hom asseblief net deeglik ondersoek?

Die dokter doen so, vat hier, luister daar, maar kan niks met die baba fout kry nie.

"Mevrou, hierdie baba lyk vir my blankend gesond. Hoekom dink u dat daar iets fout is met hom?"

Die mamma laat haar kop verleë sak.

"Dokter, hierdie is 'n sensitiewe saak. Ek het dit met my man ook bespreek, en ons het saam besluit dat ek die baba moet bring vir 'n deeglike ondersoek."

"Maar mevrou, wat presies pla jou?"

Mamma skraap haar laaste asem bymekaar.

"Dokter, ek kan dit nie eintlik hardop sê nie. Maar ek gaan probeer: my baba het nog nie gemis nie."

Nodeloos om te sê: die dokter het eers vir 'n rukkie sy spreekkamer verlaat en lekker gaan lag.

Ek het hierdie week geleer dat daar baie maniere is hoe om uit te mis. Hetsy as 'n drama, of met rioolslik of met 'n veearts as 'n pappa.

Mag jy 'n heerlike naweek hê. Met of sonder mis.

# AFASA Free State Mobilises Relief for Fezile Dabi Farmers After Severe Cold Weather Claims Multiple Livestock

* Puisano-ditaba

The African Farmers Association of South Africa (AFASA) in the Free State Province will visit communal farmers in the Fezile Dabi District following reports that more than 500 animals were lost due to severe cold weather conditions.

The three-day programme will be supported by the animal-health technicians from the Department of Agriculture, Red Meat Industry Services (RMIS), and the Office of the Speaker of Metsimaholo Local Municipality.

**DATES: 17, 18 and 19 August 2026**
**Areas to be Covered:**
**Heilbron and Deneysville**

AFASA has indicated that visits to other affected towns in the Fezile Dabi District will follow soon. The purpose of the visit according to AFASA is to provide valuable information on animal health and livestock management, Provide medication and other available support to affected farmers; and to Document livestock losses for disaster-relief intervention by the provincial and national governments.

The Farmers Association is appealing to Farmers in other towns across the Fezile Dabi District who have lost livestock or whose animals remain at risk to report their cases to:

*Mrs Realeboha Mokhethi Lekitlane:*
*079 999 3352*
*Mrs Mohanuwa Mosoeu:*
*082 396 3610*
*Email: info@afasa.org.za*

# Vat 'n trek van my twak!



Vat nou die dag 'n lang trek op my ou vriend wat jare saam getrek het. Die blou rookwalm hang oor my neus en my tong brand! Die Boxer en "Rum and Maple" geur het sy stempel afgedruk en die sug van genot val amper op die vloer!

So dwaal my gedagtes oor die verlore dae en ou oom Fred van Reenen – hy was mos Heilbron se munisipale gesondheidsinspekteur wat sy stempel afgedruk het met lippe wat die Malmesbury bry eer aangedoen het. Hy sou dit nie oorleef het in hedendagse sakeomgewing op Heilbron nie!

My oog volg die ring rookwalm daar waar dit saggies op die tafel voor my gaan lê. Ja dalk beter so, want tyd staan nie stil nie en veranderings kom ongemerk voor, sonder dat jy daarvan bewus word.

Die sug wat my longe geberg het val amper saam op die tafel neer! Ja dinge is nie wat hul was nie – maar weet nie of dit beter daaraan toe is nie.

Dit was nou die dag die einde van die maand en inkopies moet met maand se geldjies gemaak word.

Lekka ou Heilbron – toe my bakkie die teerstraat tref was die skokbrekers se sug ook amper in die gat met breker en al. Met al die oplettentheid na padgate was die voetgangers nie in sig nie. Amper aangekla van moord dink ek nadat die bakkie se remme ingeskop het.

Waar kom al die mense vandaan, moet seker ook hul inkopies doen dink ek toe die motor voor my oor die drierigting stop ry sonder om stil te hou. Waar was ou Jorrie Jordaan van daarie se jare nou.

Die stadsraad se koffers sou gekreun het van al die verkeersboetegeld.

Ou oom Fred kon bygedra het met boetegeld van al die straathandelaars wat op die sypaadjies smous. Die Moederkerk se sypaadjieheining wat nou die dag amper gaan lê het van kwaai wind en reën, was mos die beste advertensie middel – daar hang alles van onderklere, kruideniersware, groente en braaivleis ens.

Motors, bakkies, enige voertuig met wiele ry en staan net waar hul wil – saam met en teen verkeer.

Wie wil nou in 'n ander dorp met al die voordele gaan woon. Trek die prop af, stap saam, neem 'n harde trek aan jou pypsteel en blaas die "Rum and Maple" ringe stadig deur die tande!

***Groetnis en lekker boer!***




# Suspect in fatal domestic violence incident fatally shot in shootout with police

Police in Tweeling have opened a murder case, following a domestic violence-related incident in which a 36-year-old woman was allegedly fatally shot by her 40-year-old former boyfriend on 18 August 2026. An inquest docket was also registered following the subsequent fatal shooting of the suspect during an exchange of gunfire with police.

According to the preliminary information, the victim had knocked off duty as usual at approximately 17:45 at her workplace in Reitz and proceeded towards a hiking spot in the direction of Tweeling. She reportedly boarded a white motor vehicle, unaware that her former boyfriend was already inside and had allegedly planned an attack against her.

When the vehicle reached 10th Street in Tweeling, the victim alighted. Shortly thereafter, the suspect also got out of the vehicle, allegedly grabbed her and shot her in the head at close range. The suspect then fled the scene in the direction of Reitz.

Members of the public immediately alerted the police and provided information regarding the suspect's movements. Two police vehicles, one from the Family Violence, Child Protection and Sexual Offences Unit (FCS) and another from Tweeling Visible Policing, responded swiftly and pursued the suspect.

The suspect was subsequently spotted hitchhiking. Members of the FCS Unit, travelling in a Mahindra vehicle and dressed in civilian clothing, stopped alongside him. The suspect approached the vehicle, apparently believing that the occupants were offering him a lift. As he engaged with the members, the suspect noticed a second police vehicle, occupied by members dressed in police uniform, stopping behind the Mahindra.

He allegedly drew a firearm and opened fire on the uniformed members, apparently unaware that the occupants of the Mahindra were also police officials. The members in the Mahindra immediately responded to the attack, and the suspect was fatally wounded during the ensuing exchange of gunfire.

A murder case has been opened in connection with the fatal shooting of the 36-year-old woman. An inquest docket has also been registered regarding the death of the 40-year-old suspect. The circumstances surrounding the suspect's death will be investigated by the Independent Police Investigative Directorate (IPID), as prescribed by law.

The Provincial Commissioner of the Free State, Lieutenant General Thabang Lesia, has condemned the brutal killing and expressed concern over the escalation of domestic violence-related incidents. He further commended the members of the public who immediately alerted the police and provided information that assisted our members in locating the suspect.







# Heilbron-dogters blink uit by krieketproewe




Twee laerskooldogters van Hoërskool Heilbron het op 3 en 4 Augustus in Sasolburg aan die Fezile Dabi-krieketproewe deelgeneem en met hul talent uitgeblink.

Lumé Terblanche en Danelle van der Westhuizen is albei gekies vir die Fezile Dabi-Noord-dogterkrieketspan – 'n besondere prestasie waarop hulle, hul ouers en die skool met reg trots kan wees.

Die volgende uitdaging wag reeds, wanneer die twee jong krieketspelers op 18 en 19 September in Kroonstad aan die Vrystaat-proewe deelneem. Die proewe bied aan die spelers die geleentheid om verder op provinsiale vlak mee te ding en hulself teen van die beste jong krieket-talent in die Vrystaat te meet. Die skoolgemeenskap wens hul sterkte toe.

# Landlopers blink uit by Vrystaatkampioenskappe




Die Vrystaat Landloopkampioenskappe het die naweek plaasgevind, waar leerders van Hoërskool Heilbron hul staal teen van die beste landlopers in die Vrystaat getoon het. Caydiano het 'n uitstekende vierde plek uit 93 atlete behaal, terwyl Zion Muller 77ste uit 93 atlete geëindig het. Merwe Bronkhorst het die eindstreep in die 91ste plek uit 'n sterk veld van 127 atlete bereik. Hoërskool Heilbron is trots op elkeen van die leerders wat hul beste gegee het en die skool se naam met trots verteenwoordig het.



# Phitshana Learners Excel at District Cross-Country Championships

*Phitshana School proudly participated in the District Cross-Country Championships, where several learners delivered outstanding performances and secured top positions in their respective events. Reanetswe Mofokeng finished in fourth place, while Mabale Katleho and Phakela Vuyo each secured an impressive second place. Phakela Thabiso claimed first place, with Molefe Moeketsi also finishing in fourth place. The school congratulates the learners on their achievements and wishes them every success as they prepare for the Provincial Championships. Pictured from left are Ms ML Sejake, Principal WT Mokoena, Reanetswe Mofokeng, Mabale Katleho, Phakela Vuyo, Phakela Thabiso, Molefe Moeketsi, Ms MS Tladi, Ms DA Khumalo and Mr MS Mkhwanazi.*

# Phitshana School Shines in Sasol Language Enrichment Programme



Phitshana School proudly participated in the Sasol Language Enrichment Programme, providing learners with an opportunity to develop and showcase their language skills.

Grade 2 learner Omolemo Moroka achieved an outstanding first position, bringing pride to the school with her excellent performance.

Pictured from left are her Grade 2 teacher, Ms TS Moeti, current teacher Ms MS Tladi, Omolemo Moroka, who obtained first position, and Deputy Principal Ms MM Mkhwanazi.

The school congratulates Omolemo on this remarkable achievement and commends the teachers for their continued support in nurturing learners' language development.

CALENDAR 2027
Heilbron Herald Pricelist
Prices include VAT and a standard design

Heilbron Herald
44 Els street,
Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za
058 852 3033
083 495 5512

**A4 Wall Calendar**
Full Colour Print on Gloss Board, 297x210mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 220 | R 200 | R 420 |
| 50 | R 280 | R 280 | R 560 |
| 100 | R 360 | R 350 | R 710 |
| 300 | R 700 | R 620 | R 1 320 |
| 500 | R 1 000 | R 980 | R 1 980 |
| 1000 | R 1 800 | R 1 720 | R 3 520 |

**A3 Wall Calendar**
Full Colour Print on Gloss Board, 420x297mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | R 240 | R 220 | R 460 |
| 50 | R 360 | R 320 | R 680 |
| 100 | R 500 | R 500 | R 1 000 |
| 200 | R 850 | R 800 | R 1 650 |
| 300 | R 1 240 | R 1 000 | R 2 240 |
| 500 | R 1 740 | R 1 700 | R 3 440 |
| 1000 | R 3 330 | R 3 200 | R 6 530 |

**Folded Triangular Desk Calendar**
Full Colour Print on Gloss Board, 210x297mm
Triangle Desk Calendar, Three Viewing sided

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 100 | R 780 | R 750 | R 1 530 |
| 200 | R 1 060 | R 1 000 | R 2 060 |
| 300 | R 1 240 | R 1 200 | R 2 440 |
| 400 | R 1 460 | R 1 400 | R 2 860 |
| 500 | R 1 650 | R 1 600 | R 3 250 |
| 1000 | R 3 000 | R 2 740 | R 5 740 |

**Wiro Tent Desk Calendar**
Full Colour Print on Gloss Board,
Ringbinded, Fold Over Pages, 2 Month View

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 50 | R 880 | R 800 | R 1 680 |
| 100 | R 1 430 | R 1 300 | R 2 730 |
| 200 | R 2 520 | R 2 400 | R 4 920 |
| 500 | R 4 720 | R 4 720 | R 9 440 |

**A3 Wiro Wall Calendar**
Full Colour Print on Gloss Board, Wirobind Top,
Month to View + Front Page, 297x420mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 5 | 850 | 800 | R 1 650 |
| 50 | 2500 | 2500 | R 5 000 |
| 100 | 4300 | 4300 | R 8 600 |
| 200 | 7620 | 7500 | R 15 120 |

**A3 Deskpad Calendar**
Full Colour Print on Bond Paper + Backing Board,
Month to Month View, 297x420mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | 530 | R 500 | R 1 030 |
| 50 | 1590 | R 1 590 | R 3 180 |
| 100 | 2620 | R 2 620 | R 5 240 |
| 250 | 5300 | R 5 000 | R 10 300 |
| 500 | 10000 | R 8 800 | R 18 800 |

**A2 Deskpad Calendar**
Constant Colour Background Print on Bond Paper,
Only Black Colour Changes + Backing Board,
Month to view, 420x594mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 50 | 7000 | R 6 400 | R 13 400 |
| 100 | 8290 | R 7 000 | R 15 290 |
| 200 | 10180 | R 9 000 | R 19 180 |
| 500 | 14840 | R 12 000 | R 26 840 |

**Fridge Magnet Calendar**
Full Colour Print directly on Fridge Magnet,
12 Month View, 200x220mm

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 10 | 250 | 100 | 350 |
| 50 | 880 | 800 | 1680 |
| 100 | 1570 | 1500 | 3070 |

**A5 Custom Printed Diary**
Standard 176 Black Inner Pages,
12 Monthly Planners, Year Planner, 1 Week to view
Custom Cover Laminated, Wire Bound

| Qty | Deposit | on Delivery | Total |
|---|---|---|---|
| 1 | R195 | R 0 | R 195 |
| 4 | R330 | R 330 | R 660 |
| 10 | R750 | R 750 | R 1 500 |
| 20 | R1 500 | R 1 230 | R 2 730 |
| 50 | R3 200 | R 2 940 | R 6 140 |

# Ngwathe electricity vending crisis exposes serious lack of planning

*by Cllr. Carina Serfontein - DA Mayoral Candidate Ngwathe Local Municipality Tel: 083 635 2851*

Over the past weekend, residents across Ngwathe Local Municipality experienced major challenges purchasing prepaid electricity online and through their usual vending platforms.

Residents were subsequently advised by the municipality to visit their local municipal offices to purchase electricity while the technical problems were being addressed. Extended operating hours were introduced to accommodate affected residents.

However, it has become clear that the problem extends far beyond a temporary online vending failure.

The DA has received numerous complaints from residents whose existing meter boxes are not being recognised by the system or whose meter cards can no longer be read. Some of these meters now have to be replaced, leaving affected households unable to purchase electricity and, in some cases, completely without power while waiting for technical assistance.

This is a human-created crisis that could and should have been prevented through proper planning.

The situation is made even more serious by the current extremely cold weather conditions. Residents who have run out of electricity are being left with little choice but to travel to municipal offices to seek assistance, despite the cold. This is particularly difficult for elderly residents, vulnerable households and people without easy access to transport.

Furthermore, not all service providers and vending platforms are currently able to sell electricity tokens, meaning residents who previously purchased electricity through their normal channels may suddenly find that those options are no longer available.

There appears to have been no adequate arrangement made beforehand to accommodate residents whose meters would not be compatible with the system, nor sufficient contingency measures for households unable to purchase electricity during the transition.

A change or upgrade to an electricity vending system should have been supported by a comprehensive implementation and contingency plan. Potentially incompatible meters should have been identified beforehand, sufficient smart meter boxes should have been procured, alternative vending arrangements should have been communicated, and technical teams should have been ready for deployment across all Ngwathe towns.

Residents should not discover that their meter needs to be replaced only once they have run out of electricity and are unable to purchase additional units.

The DA will formally request the Administrator and Municipal Manager to provide:

A full assessment of the vending system failure and the number of affected meters in each Ngwathe town;

An urgent replacement programme with clear timelines for meters that can no longer be read or recognised;

Confirmation that sufficient smart meter boxes are available, as well as details of additional stock being procured;

A deployment plan for technical teams, prioritising households already without electricity;

Immediate alternative arrangements for residents who cannot purchase electricity through their normal service providers or vending platforms;

A clear contingency plan for residents unable to purchase electricity while awaiting meter replacement; and

Regular public progress updates until the vending system and all affected meters are fully operational.

We acknowledge the officials and technical teams who have been working throughout Ngwathe to assist residents under extremely difficult circumstances. The failure lies in the lack of adequate planning and preparation — emergency intervention by officials cannot replace proper planning.

Residents who are willing to pay for electricity should never be left without power because municipal systems cannot recognise their meters or because adequate arrangements were not made before changes to the vending system were implemented.

In the middle of extremely cold weather, this failure has very real consequences for families across Ngwathe.

The DA will continue demanding a coordinated solution, urgent assistance, clear timelines and accountability until every affected resident across Ngwathe has been assisted.

Ngwathe can work – but it requires planning, accountability and reliable service delivery.


BKB FIBRETRACK
BKB Ltd. Wool & Mohair Market Reporting Service
AWEX-ID Market Information Licensee

**WOOL MARKET REPORT – 19 August 2026**

On the 1st wool auction of the 2026/2027 sale season, the average clean wool market indicators for good quality long fleece wool (MF4/MF5) with a tensile strength of 35 (NKT) were as follows:

| Fibrediameter (µ) | 17µ | 18µ | 18.5µ | 19µ | 19.5µ | 20µ | 20.5µ | 21µ | 22µ |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Non-RWS | 289.00 -6.5% | 283.00 -5.7% | 273.00 -5.9% | 257.00 -7.6% | 252.00 -4.5% | 241.00 -5.9% | 239.00 -5.9% | 238.00 -5.6% | 228.00 -6.2% |
| RWS Certified | 307.00 -7.0% | 310.00 -5.5% | 290.00 -7.3% | 284.00 -5.3% | 271.00 -6.9% | 264.00 -5.0% | 258.00 -6.5% | 252.00 -7.0% | 243.00 -7.3% |
| % Difference | +6.2% | +9.5% | +6.2% | +10.5% | +7.5% | +9.5% | +7.9% | +5.9% | +6.6% |
| AVERAGE MARKET INDICATOR RWS 260.52 -6.3% | | | | | | | | | |

The key buyers on the sale were: G Modiano SA (1 779 bales), Stucken & Co.(1 271 bales), Standard Wool SA (1 240 bales)
Of the 4 434 bales BKB offered, 4 095 bales were declared sold (92%).

Highest prices achieved on the BKB auction were as follows:

| | Name | Scheme | Area | Descr. | AWEX Type | Micron | Clean | NKT | Greasy Price |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1. | RIBBOKKOP BDY (EOMS) BPK | RWS | TARKASTAD | BUF | MF3E. | 16.7µ | 78.31 | 49 | 262.10 |
| 2. | DJ LOUW | RWS | TROMPSBURG | BBUFFH | MWF4S. | 17.2µ | 77.99 | 42 | 260.10 |
| 3. | DJ LOUW | RWS | TROMPSBURG | BUFH | MWF4E. | 16.8µ | 77.68 | 43 | 258.00 |
| 4. | RIBBOKKOP BDY (EOMS) BPK | RWS | TARKASTAD | BM | MF3E. | 18.2µ | 79.26 | 50 | 254.10 |
| 5. | P EN J LE ROUX BDY (PTY) LTD | RWS | FORT BEAUFORT | AFY | MF4S. | 16.3µ | 74.34 | 41 | 249.10 |
| 6. | DJ LOUW | RWS | TROMPSBURG | BFFY | MF3E. | 18.4µ | 77.82 | 51 | 249.00 |
| 7. | DJ LOUW | RWS | TROMPSBURG | BBFFY | MF3E. | 18.5µ | 77.60 | 51 | 247.10 |
| 8. | HR WOLFAARDT BDY BK | RWS | GRAAFF-REINET | AFH | MWF4E. | 17.5µ | 74.80 | 45 | 247.00 |
| 9. | DJ LOUW | RWS | TROMPSBURG | BFY | MF3S. | 18.2µ | 75.91 | 44 | 246.10 |
| 10. | SCHIETFAD PLASE BDY LTD | RWS | NAPIER | BF | MF4E. | 17.9µ | 75.27 | 44 | 246.00 |

The next sale for the new season is scheduled for 1 September 2026.

*For further information contact*
*BKB Fibre Marketing Division*
61 Grahamstown Rd North End, Port Elizabeth, 6001
Tel: 041 503 3062 / 3134 email: leon.duplessis@bkb.co.za
*All the content of this document is for information purposes only and may not be applicable to all users / readers.*
*BKB Ltd and its affiliates cannot be held responsible for any decisions taken based on information obtained from this document.*
BKB Wool greetings

Isak Staats General Manager:
Wool and Mohair

#SustainabilitySynergised
PEOPLE | PLANET | PROFIT
SERVICE EXCELLENCE | ENTREPRENEURSHIP | EARNINGS | EMPLOYEES | SUSTAINABILITY
#IntegrityIntegrated







# "Hop, hop, spinnekop – die bal het in die gat gehop!"











# KENNISGEWINGS

*Form J187*

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 1804/2026
**Surname:** Oosthuizen
**First Names:** Elsie Maria
**ID Number:** 560101 0044 089
**Last Address:** Farm Verdun, District Oranjeville, Province Free State
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Heilbron
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Cornelius & Partners Inc.
**Advertiser Address:** 40 Church Street, Heilbron, 9650
**Advertiser E-mail:** aktesb@corven.co.za
**Date Submitted:** 2026-08-04
Tel: 058 852 2035
**Publication in the Government Gazette on:** 2026-08-21

---

*Form J187*

**LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION**

In terms of section 35 (5) of the Administration of Estates Act, No. 66 of 1965, notice is hereby given that copies of the liquidation and distribution accounts (first and final, unless otherwise stated) in the estates specified below will be open for the inspection of all persons with an interest therein for a period of 21 days (or shorter or longer if specially stated) from the date specified or from the date of publication hereof, whichever may be the later, and at the offices of the Masters of the High Court and Magistrates as stated. Should no objection thereto be lodged with the Masters concerned during the specified period, the executors will proceed to make payments in accordance with the accounts.

**Language:** English
**Province:** Free State
**Estate Number:** 9087/2020
**Surname:** Louw
**First Names:** Ronald Arthur Howard
**ID Number:** 710303 5159 081
**Last Address:** Erf 156, Heilbron, District Heilbron, 9650
**Description of Account:** First and Final
**Period of Inspection:** 21 Days
**Magistrate's Office:** Heilbron
**Master's Office:** Bloemfontein
**Advertiser Name:** Cornelius & Partners Inc.
**Advertiser Address:** 40 Church Street, Heilbron, 9650
**Advertiser E-mail:** aktesb@corven.co.za
**Date Submitted:** 2026-08-04
Tel: 058 852 2035
**Publication in the Government Gazette on:** 2026-08-21

---

**KENNISGEWING**

In die bedoel van wyle **MARGARETHA MARIA MARX, Boedelnommer 5475/2025,** Identiteitsnommer 610213 0056 08 6, wat gewoonlik woonagtig was te Breëstraat 50, Heilbron en wat te Johannesburg op 20 Maart 2025 gesterf het.
Die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogenoemde boedel sal ter insae lê by die kantoor van die Meester van die Hoë Hof te Bloemfontein en 'n afskrif daarvan by die kantoor van die Landdros vir die distrik van Heilbron, waar die oorledene gewoonlik woonagtig was ten tye van haar dood, vir 'n typerk van 21 (EEN-EN-TWINTIG) dae vanaf die datum van publikasie hiervan.
Gedateer te Heilbron op hierdie 5 de dag van Augustus 2026.
**JH JANSEN**
**JANSEN PROKUREURS**
**PROKUREUR EN EKSEKUTEUR**
**PIERCESTRAAT 58**
**POSBUS 890, HEILBRON, 9650**
**Verw: MAR4/0017/JHJ/cm**











T905/1968

**NOTICE IN TERMS OF REGULATION 68 OF ACT 47 OF 1937**
**LOST OR DESTROYED TITLE**

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registry Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of the **DEED OF TRANSFER T905/1968** passed to **CJ THERON TRUST Registration Number MT458/2000** of Portion 1 of the Farm Vaalkrans 230, District Heilbron, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 85.6532 (EIGHTY FIVE COMMA SIX FIVE THREE TWO) HECTARES
which has been lost or destroyed.
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks after the date of publication of this notice.
**HSL DU PLESSIS ATTORNEYS**
**103 MURRAY STREET**
**KROONSTAD, 9499**

---

**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer TE16593/2009** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** in favour of **ALETTA MOHAPI, Identity Number 530101 2067 08 5,** Unmarried in respect of certain ERF 475, PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at PRETORIA on
**APPLICANT:**
**JACOB WOUTER DE VOS**
**ROSS & JACOBSZ INC.**
**PO BOX 46, PRETORIA, 0001**
**E-MAIL: wdevos@ross.co.za**
**CONTACT NUMBER: 012 3481088**
**REF: WDV/R23890/mc**

**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS**

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **T6046/1972** gepasseer deur **JOHANNES MATTHEUS WESSELS** (gebore op 1 Desember 1907), BLANKE GROEP ten gunste van **SPRUITJIE LANDGOED (EIENDOMS) BEPERK (No.72/00229),** BLANKE GROEP
ten aansien van
1. SEKERE resterende gedeelte van die Plaas SPRUITJIE Nr. 198, geleë in die distrik REITZ wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 18de dag van Augustus 2026.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**SAREL CILLIERS STRAAT 29, REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**












Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.







# SMALLS


Vir enige nuus en advertensies vir die
**Heilbron Herald**
Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron


# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com



**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


**BIBLIOTEEK OOP**
*Piercestraat 66 • Heilbron*
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
• **Marlene** (Proeflees van koerant)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**



***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

HERALD Sport

# Gholfdag samel fondse vir Huis Bron-van-Heil in



*Op die foto bo:*
*Inwoners en bestuur van Huis Bron-van-Heil, asook besoekers van buite, het gehelp om die gholfdag 'n groot sukses te maak.*
*Voor, van links, is Joey van Tonder, Sanet Vosloo en Marietjie Truscott.*
*Agter is Elmarie van der Merwe, Ina Slabbert, Isabelle Hausleitner en Nonna Roos.*

Die Huis Bron-van-Heil-gholfdag is op Vrydag, 14 Augustus op Heilbron Gholfklub se baan aangebied. Altesaam 36 spelers het aan die dag deelgeneem en om die onderskeie pryse meegeding. Steve Maloka en Thulani Mofokeng het met 49 punte as die wenners uit die stryd getree. Rikus van Rooyen en Jackie Leonard was tweede met 48 punte.

Verskeie items is ook tydens die gholfdag opgeveil. Danksy die goeie ondersteuning is 'n mooi bedrag deur dié inisiatief vir die ouetehuis ingesamel.

Die organiseerders bedank al die spelers, borge en ondersteuners wat tot die sukses van die dag bygedra het.

Auburn Gholfklub bied op 29 Augustus sy jaarlikse Bokkedag aan. Spelers kan reeds vir dié gewilde dag inskryf, wat soos in vorige jare beloof om een van die hoogtepunte op die jaarlikse gholfkalender te wees.

## Kransfontein Resiesduif Klub

Op Sondag, 16 Augustus 2026 het Kransfontein Resiesduifklub vanaf Middelburg gevlieg en die duiwe is om 07:20 gelos dit was die Jaaroud Kampioenskap en die wenduif is om 13:45 geklok op Reitz. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 526 kilometers. 9 Lede en 337 duiwe het deelgeneem.

1. Spartan Pigeons 3
2. Spartan Pigeons 3
3. Spartan Pigeons 2
4. Wolmarans & Swart
5. Spartan Pigeons 3
6. Heine Hokke
7. Wolmarans & Swart
8. Wolmarans & Swart
9. Wolmarans & Swart
10. Wolmarans & Swart



*Op die foto is Willem Muller van Spartan Pigeons 3 met die wenduif 210966.*

## Uitslae Heilbron Posduif klub

Die jaar vlieg Heilbron se duiwe boere saam die Oerf wat die grootste organisasie in die Vrystaat Gauteng area is. Die Heilbron duiwe boere hou hul naam, hoog, soos op die uitslae gesien kan word. Zennith Loft het met die jongduiwe 1ste en 3de geëindig en OJS Loft het 'n 4de plek behaal.




*'n Vedere prestasie, die duif van Zennith Loft het ook die groter Oerf Dabi asook die groter Gaulteng gekomineerd reis gewen teen 129 lede 2059 duiwe.*

VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

WINKELURE
OFFICE HOURS
Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdae: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 24 AUGUSTUS 2026
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
REITZ-OOS Jaarlikse Vetvee veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DINSDAG - 25 AUGUSTUS 2026
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
DISTRIK VREDE: WO BEEFMASTERS GENETIKA VEILING
11:00, Plaas Uitkyk
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

WOENSDAG - 26 AUGUSTUS 2026
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak Sibusiso Gumede 082 070 0134
MIDDELBURG: RIVERGLEN WILDLIFE BEEFMASTER & BRAHMAN
11:00, Plaas Mooifontein
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

DONDERDAG - 27 AUGUSTUS 2026
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Walt 072 626 9242
FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
MEMEL: KROMSPRUIT BOVELDER & DOHNE MERINO
11:00, Stormhoek
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

VRYDAG - 28 AUGUSTUS 2026
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956
FRANKFORT: FRANKFORT BONSMARA TELERSGROEP
11:00, Plaas Merrivale
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

SATERDAG - 29 AUGUSTUS 2026
KROONSTAD: EFFICIENT GENES SUFFOLK PRODUKSIEVEILING
11:00, Bloekombos Venue
Kontak Karel du Plessis 082 826 3244

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHEND, PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1996/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071